DISKUSSIE

PROF J. A. VAN ROOY SKRYF NA AANLEIDING VAN M.A.K. SE ARTIKEL BLYWENDE ONDERSTROOM ONDER GEREFORMEERDES?

Dit is met groot teësin en huiwering dat ek hoegenaamd op die aantygings van Prof. M. A. Kruger in In die Skriflig van Desember 1981 reageer. Tog wil ek op een enkele punt my standpunt stel, wat ook mi. die enigste punt is waar hy in sy aanval op my enige skyn van grond het, naamlik dat ek Torrey in 'n publikasie aanbeveel het. As ek dit nie weerlê nie, mag sekere mense dalk dink dat ek met Torrey saamstem en hulle daardeur beïnvloed om ook navolgers van hom te word.

Ek is nie 'n navolger van Torrey nie en het ernstige beswaar teen sy siening op die doop met die Heilige Gees as 'n "second blessing". Die publikasie onder sy naam waarna M.A.K. verwys, was nie vir publikasie bedoel nie. Dit was net 'n voorlopige, onafgewerkte konsep wat ek na enkele teoloë gestuur het met die oog op kommentaar en verwerking vir moontlike latere plasing. Een van genoemde teoloë het dit sonder my goedkeuring en medewete gepubliseer. Ek aanvaar sy goedertrou, maar ek aanvaar beslis nie die verantwoordelikheid vir alles wat daar onder my naam gepubliseer staan nie.

TOE HY SY DISKUSSIESTUK GESKRYF HET, WAS M.A.K. TERDEË VAN HIERDIE FEIT BEWUS.

Wat meer is: My werklike siening op die doop en vervulling met die Heilige Gees is, is nie lank na genoemde publikasie nie ook deur die IBC gepubliseer. Laasgenoemde artikel, wat intussen ook as 'n hoofstuk in "Venster op die Kerk" verskyn het, het ek voor publikasie aan M.A.K. voorgelê. Sy enkele aanbevelings daaroor, wat oor minder kardinale sake gegaan het en nie oor Torrey se teologie nie, het ek met dankbaarheid aanvaar. Hy weet dus presies wat my siening op hierdie omstrede saak is. In hierdie stuk het ek dít verwerk wat ek by Torrey waardeer en probeer leer het, nl. wat dit inhou om met die Heilige vervul te wees. Torrey pas dit ten onregte toe op die "doop met die Heilige Gees", maar ek verstaan dit so dat die weg van vervulling wat hy op 'n baie treffende manier teken (ondanks kritiek daarop, ook van my kant), van toepassing is op die daaglikse vervulling met die Heilige Gees. Met hierdie wysiging het ek heelwat dankbare gebruik van sy gedagte gemaak, wat M.A.K. gelees het en waarop hy geen kritiek gehad het nie.